MUNISIPALE NUUSBRIEF — THE RESIDENT / DIE INWONER — MUNICIPAL NEWSLETTER

DESEMBER / DECEMBER 2010 NO. 12

DIE //KHARA HAIS KERSSANG BY KERSLIG PROGRAM

Burgemeester,
Rdl Gift van Staden

Die Kerssang by Kerslig program vind jaarliks in Desember vanaf die eerste Vrydag tot die Sondag plaas en hierdie jaar is nie 'n uitsondering nie. Die program gaan vanaf Vrydag, 3 Desember tot Sondag, 5 Desember plaasvind en by hierdie geleentheid kom die inwoners van die //Khara Hais regsgebied en besoekers bymekaar om die gees van welwillendheid te vier. Die program raak elke jaar gewilder, maak dus seker dat u dit hierdie jaar nie misloop nie.

Die Burgemeester, Raadslid Gift van Staden, nooi al die inwoners en besoekers in die //Khara Hais regsgebied uit om hierdie heuglike program saam met die Raad en amptenare van die munisipaliteit te kom geniet.

Kom ondersteun die Straatkarnaval, Kersmark se stalletjies en kom geniet die Pretpark en die Kerssang by Kerslig.

DIE STRAATKARNAVAL

Een van die deelnemers aan die Straatkarnaval in 2009

Op Vrydag 03 Desember 2010 sal 'n straatkarnaval die Kerssang by Kerslig program voorafgaan.

Die straatkarnaval sal omstreeks 15:00 vanaf Danie Kuysstadion vertrek en deur die strate in die sakegebied beweeg. Ons doen graag 'n beroep op alle staatsdepartemente en sakelui om deel te neem aan die karnaval en sodoende die jaar af te sluit in die gees van Kersfees wat vrede, liefde en respek weerspieël. Ons wens is dat hierdie poging heelhartig ondersteun sal word deur hierdie verskillende sektore.
Kontak die LED, Toerisme & Oorde kantoor by telefoonnommer 054 338 7051/2 vir meer inligting.

DIE KERSMARK

Die Kersmark vind op Vrydag, 03 Desember 2010 in Mutualstraat asook op Sondag, 05 Desember 2010 by Danie Kuysstadion plaas. Die Kersmark maak voorsiening vir kos asook geskenke en kunsmarkstalletjies. Belangstellendes kan registrasievorms vir die stalletjies by die LED, Toerisme & Oorde kantoor, langsaan die dorpsbiblioteek bekom. Registrasies is gratis en die hoeveelheid stalletjies is beperk. U aansoeke moet voor 26 November 2010 die LED, Toerisme & Oorde kantoor bereik.

DIE PRETPARK

Kinders geniet die Pretpark 2009.

Die Pretpark sal op Vrydag, 03 Desember 2010 vanaf 09:00 tot 15:00 op die grasperk voor die Dorpsbiblioteek en Munisipale Hoofkantoor plaasvind. Kleuters en kinders vanaf 2 tot 6 jaar word bederf met springkastele, opvoedkundige verhoogvertonings van kunstenaars soos Daantjie Kat, Zibi en kulkunstenaars. Kersvader gaan ook soos gewoonlik 'n draai kom maak en die kleinspan verras met 'n Kersstorie. Ouers wat hul kinders na die park wil bring, is welkom en u kan gerus 'n stoel of kombers saambring asook 'n geldjie om ons stalletjies te ondersteun. Kinders gaan egter nie sonder toesig by die pretpark toegelaat word nie.

KERSSANG BY KERSLIG

Kunstenaars besig om die skare te vermaak by verlede jaar se Kersang by Kerslig.

Die Kersliedere by Kerslig van Munisipaliteit //Khara Hais gaan op Sondag, 05 Desember 2010 om 18:00 (ses uur nm) by die Danie Kuysstadion plaasvind.

Die verrigtinge sal die Kersboodskap van die Burgemeester, die saamsing van Kersliedere, kunstenaars wat sal optree, die vuurwerkvertoning en die aanskakel van die dorp se Kersfeesliggies insluit. Daar sal vervoer vanaf die verskillende wyke in die //Khara Hais regsgebied beskikbaar wees. 'n Beroep word op die gemeenskap gedoen om BETYDS by die optelpunte te staan sodat u in tyd vir die verrigtinge kan wees.

Almal is welkom om hierdie aand van samesyn en welwillendheid met mekaar te deel.
Kontak die Kantoor van die Burgemeester en Speaker by telefoonnommer 054 338 7015/23 vir meer inligting.

VOORAFBETAAL ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE

VERKOOPPUNTE	TYE	TELEFOONNOMMERS
Village Shop	07:30 - 21:00	054 332 4383
Ntoisingel 63, Paballelo	08:00 - 22:00	076 945 0688
Hi-Way General Dealer (Hinana)	08:00 - 20:00	054 332 6429
Progress Café, Kosmosstraat	08:00 - 21:00	073 509 2862
Daniël Jansenstr 54, Morning Glory	08:00 - 21:00	084 645 9993
Rosedale Spar	08:00 - 21:00	054 339 0056
Babbelbekkies, Rosedale	07:00 - 21:00	074 587 4961
Gazaniastraat, Louisvaleweg (Oliphant)	07:00 - 22:00	
Freeman, Louisvaledorp	08:00 - 22:00	083 596 0675
Bimbo's (Engen Conv. Centre)	24 UUR	054 332 5444
Stap – In Supermark	07:00 – 22:30	054 339 3636
Spar Upington	07:00 – 22:00	054 331 2491

Inligting van tye verskaf deur Verkoopspunte.

VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE IN //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

VERKOPERS	ADRES	TELEFOONNOMMERS
Mev R Freeman	Louwstraat 1, Louisvaledorp	054 335 1297
Mnr Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift	079 957 5819
Me Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Mnr Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkrans	054 751 0092
Me Nomsa Sokoyi	Jupiterstraat 35, Paballelo	078 992 5528
Me Esta Franse	Lensiestraat 35, Raaswater	073 653 9773
Mnr Joey van der Byl	Sonneblomheuwelstraat 62, Louisvaleweg	079 045 1890
Me Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	076 019 1789
Mnr Leon van Schalkwyk	Johnny Goeiemanstraat 40, Rosedale	082 085 7272
Mev Virginia Ratshofola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 744 4426

PROGRAM VIR LEES VAN METERS

NOVEMBER / DESEMBER 2010

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
25 NOV	1,2,4,18	1 DES	38,46,42,21	7 DES	43,32,33,13
26 NOV	23,5,22,25	2 DES	44,24,8,30	9 DES	47,16,14,39
29 NOV	29,20,27,35	3 DES	7,9,11,10	10 DES	28,19,41,15
30 NOV	37,3,36,6	6 DES	31,45,12,80	13 DES	17, 40

DESEMBER 2010 / JANUARIE 2011

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
22 DES	1,2,4,18	30 DES	38,46,42,21	7 JAN	43,32,33,13
23 DES	23,5,22,25	4 JAN	44,24,8,30	10 JAN	47,16,14,39
28 DES	29,20,27,35	5 JAN	7,9,11,10	11 JAN	28,19,41,15
29 DES	37,3,36,6	6 JAN	31,45,12,80	12 JAN	17, 40

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om hul persele toeganklik te hou vir meterlesers soos bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT DESEMBER 2010

DATUM	WOONBUURT	PLEK
1 DESEMBER	Paballelo	Munisipale Kantore
2 DESEMBER	Progress /Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
3 DESEMBER	Louisvaleweg	Betaalpunt (Mario)
6 DESEMBER	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
7 DESEMBER	Kalksloot /Leseding	Betaalkantoor: Mev R Freeman
8 – 31 DESEMBER	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!!!

SLEGS WEEKSDAE

VANAF 07:30 TOT 15:30

24 en 31 DESEMBER 2010

VANAF 07:30 TOT 12:30

Uitgereik deur Kommunikasie & Kliëntediens, Munisipaliteit //Khara Hais : ☎ 054 338 7010

trans oranje drukkers upington 054 332 3056